# Voorbereiding van ooie vir herfsparing

(Kobus Grobler, NWKV Produksie Adviseur, Queenstown)
Sel: 072 593 5601; Epos: kobus@nwga.co.za

---

Die doel met die voorbereiding van ooie vir herfsparing is om ovulasietempo en besetting te maksimeer. Hierdie is ʼn baie belangrike skakel in die reproduksie ketting. Indien hierdie fase nie suksesvol is nie, laat dit groot leemtes in die hele vertakking.

## 1. Inspeksie van alle ooitroppe

Hierdie is die geleentheid vir die boer om seker te maak dat al die jong ooie aan die neergelegde rasstandaarde voldoen. Indien hy nie gemaklik is om dit self te doen nie, kan van kundiges by die makelaars gebruik word om dit vir hom te doen. Ek is van mening dat, veral by jong ooie, daar net na prulfoute gekyk moet word. Die genetiese reproduksiepotensiaal moet eers ontgin word, voordat daar by die eerste seleksie te veel diere uitgeskot word. Die ooie se vermoë om te reproduseer is belangriker as ander onekonomiese eienskappe.

Dit is ook belangrik om alle volwasse ooie ook te klas. Hier moet egter net gekyk word na ooie wat moontlike beserings opgedoen het gedurende die jaar. Kyk dus goed na die ooie se bene, gewrigte en kloutjies. Dit is ook baie belangrik dat na elke ooi se uier gekyk word. Maak seker dat die uier nog funksioneel is met geen absesse of verharde weefsel nie. Let veral ook op dat ooie se spene nie tydens skeertyd afgesny of beskadig is nie.

## 2. Gesondheid

Dit is belangrik dat alle diere in die kudde gesond gehou moet word. Maak dus seker dat alle inentings en dosering afgehandel is met die aanvang van die laaste 6 weke voor paring. Hoewel elke boer deeglik bewus moet wees van siektes in sy spesifieke omgewing en daarvolgens voorkomend moet optree, kan ʼn paar inentings uitgesonder word.

### 2.1 <u>Bloutong</u>

Dit is ʼn virussiekte wat deur muggies oorgedra word en in die laat-somer en herfs ʼn groot probleem kan wees. Maak seker dat alle diere inge-ent is. Dien die 3 inspuitings afsonderlik en met tussenposes van 3 weke uitmekaar toe (moenie van die inentings meng nie).

2.2 Klostridiale siektes

Dit sluit siektes soos bloednier, bloedpens, sponssiekte, ens in. Goeie entstowwe is beskikbaar wat hierdie siektes in kombinasie kan behandel. Slegs een inenting vir ŉ groep siektes is dus voldoende.

2.3 Ensoötiese aborsie

Hierdie siekte is verantwoordelik vir groot reproduksie-verliese in skaapkuddes. Gewoonlik is die eerste aanduiding daarvan wanneer die getal fetusse wat met skandering bepaal word, nie ooreenstem met die lammers wat aangekom het nie. As boere dus nie skandeer vir dragtigheid nie, sal hul heel waarskynlik nie regtig weet of die siekte in hul kudde teenwoordig is nie.

2.4 Slenkdalkoors

Hoewel hierdie siekte, wat ook deur muggies en muskiete oorgedra word, meestal na bogemiddelde reënval voorkom, is dit raadsaam om gereeld daarteen te ent. Groot verliese is al in die verlede aangemeld.

Maak dus seker dat alle diere vroegtydig alle entings gehad het en doseer alle ooie sodat beide van hierdie prosesse ten minste 6 weke voor paring afgehandel is.

**3. Skeer**

Die skeerproses kan stres by ooie veroorsaak. Stres kan verlaagte ovulasie in ooie tot gevolg hê. Maak dus seker dat alle ooie ten minste een maand voor paartyd klaar geskeer is.

Dit is bekend dat skape wat afgeskeer is, ŉ verhoogde aptyt het. Hierdie kan dus as prikkelvoeding gebruik word indien dit by die algemene bestuur op die plaas inpas. Veral jong ooie baat by hierdie praktyk.

Maak seker dat ooie se wol nie te lank is tydens paartyd nie. Dit bemoeilik die fisiese paring, veral as ooie en ramme se wol lank is.

## 4. Voeding

Hierdie is seker die belangrikste aspek in die voorbereiding van ooie vir paartyd. Dit is lank reeds bekend dat skape se genetiese potensiaal slegs ontgin kan word indien die diere optimaal gevoer word.

Dit is belangrik dat alle ooie in massa toeneem voor paartyd. Streef daarna om ooie op ŉ kondisiepunt van 3.5 tydens paartyd te hê. Dit is ook belangrik om ooie se voeding optimaal te hou tydens en net na lamtyd, aangesien die eiselle wat afgeskei word tydens paartyd reeds ses maande vooraf ontwikkel het. Dit val gewoonlik saam met die vorige lamtyd. Voeding tydens lamtyd is dus deel van die voorbereiding van ooie vir die volgende paartyd.

Die grootmaak en uitgroei van jong vervangingsooie is seker een van die belangrikste afdelings in ŉ skaapboerdery. Jong ooie moet nooit massa verloor totdat hulle volwassenheid bereik het nie. Jong ooie wat voldoende groei toon, kan op ŉ jonger ouderdom gepaar word, het gewoonlik ŉ hoër ovulasietempo en gevolglik meer lammers oor haar produktiewe leeftyd.

Boere moet ook vasstel of daar enige mineraaltekorte in hul gebied voorkom. Handel alle aanvullings reeds ses weke voor paartyd af.

## 5. Prikkelvoeding

Dit is bekend dat ooie met ŉ hoër massa meer geneig is tot meerlinggeboortes. Dus kan prikkelvoeding ook aangewend word vir verhoogde liggaamsmassa. Prikkelvoeding word ook aangewend om ooie in massa te laat toeneem. Prikkelvoeding het tot gevolg dat daar meer eiselle afgeskei word en sodoende word lampersentasie ook verhoog. Prikkelvoeding het ook ŉ verbeterde konsepsie tot gevolg.

Die reaksie op prikkelvoeding is baie hoër by ooie wat in vorige seisoene tweelinge gehad het. Konsentreer dus prikkelvoeding op hierdie groep ooie.

Dit is belangrik om te onthou dat koggelramme ook gebruik kan word ter voorbereiding vir paartyd. Die effek van koggelramme word verhoog deur gebruik te maak van prikkelvoeding. Koggelramme word net vir 9 dae voor paartyd by ooie gebring.

Prikkelvoeding kan voorsien word aan ooie ongeveer 3 tot 4 weke voor paartyd. Dit kan of in die vorm van ŉ goeie lek wees wat vir die doel geformuleer is of ooie kan geskuif word na spaarweiding gedurende die tydperk. Eersgenoemde is duurder maar gee beter resultate.

Wees baie versigtig om nie ooie op lusern- of medic-weiding te paar nie, veral nie as hierdie weiding onder droogte of insekbeskadiging verkeer nie. Hierdie plante skei estrogeen af wat ovulasie kan onderdruk. Vermy ook enige lekke wat hoë ureumvlakke het. Dit kan veroorsaak dat die bloedureumstikstof verhoog wat die oorlewing van eiselle nadelig beïnvloed.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat alles wat gedoen word om ooie voor te berei vir paartyd daarop gemik is om ovulasietempo te maksimeer. Om dit te bereik moet daar veral gelet word op die gesondheid en voeding van die ooie. Maak ook seker dat daar geen kontak tussen ooie en ramme vir ten minste 8 weke voor paartyd is nie. Hou die afstand groot genoeg sodat die diere mekaar ook nie kan ruik nie.

CAPE WOOLS SA

NWKV NWGA

*Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.*

\- - - - - -